27 Februarie 2022

Gr R tot Gr 3

Kyk en **sien** die waarheid!

2 **Korintiërs** 3:12-4:2

voorbereiding

Neem saam:

- Verskeie prente van mense of goed
- Papier in blokke gesny om prente toe te plak (of toe te maak)
- Waspapier om prente mee toe te maak
- 'n sluier of serp
- Gekleurde vetkryte
- Paperclips

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels **tyd**

Kom ons kyk vandag hoe goed julle kan sien. Vandag gaan ons prente ontrafel saam met 'n lekker Bybelvasvrae.
Jy gaan punte kry en kan iets wen.

Bedek enige prente op verskillende maniere. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- *Plak 'n prent toe met groot blokke (so 4-6 blokke) Vir elke regte antwoord mag die span een van die blokke afhaal, maar gaan een punt verlore. Hulle kan raai wie of wat op die prent is, as hulle reg is, kry hulle 10 bonus punte. Maar as hulle verkeerd is, mag die volgende span 'n beurt kry om 'n vraag te antwoord.*
- *Sit paar lae waspapier oor 'n prent. Vir elke regte antwoord, mag een laag waspapier verwyder word. Die span mag dan kyk of hulle kan raai wie of wat op die prent is. Vir elke laag waspapier wat verwyder word, word nog 'n punt afgetrek, maar as hulle reg raai, kry hulle 10 bonus punte*

Hierdie is slegs voorstelle. Die idee is dat die span nie die volle prentjie mag sien die eerste keer nie. Met 'n vraag of meer wat reg geantwoord word, word meer van die prent sigbaar, tot dit later baie duidelik is.
Enige algemene kennis vrae kan gevra word. Soos wat is die laaste boek in die Bybel. Wie was die eerste man wat God gemaak het. Vra gerus ook vrae uit vorige lesse en hersien op die manier kinders se kennis.

gesels **tyd** (vervolg)

Soos wat die prente duideliker word of meer dele van die prent oopgemaak word, hoe makliker raak dit om te kan sien wie of wat op die prentjie is.

Het julle al gesien wanneer mense trou, die bruid gewoonlik so gaas oor haar kop het wat haar gesig toemaak. Ons noem dit 'n sluier. Die bruidegom voor in die kerk, kan uitmaak dit is sy daar onder die sluier, maar hy kan nognie sien presies hoe mooi sy lyk, tot sy by hom is en die sluier afgehaal word nie. Maar wanneer haar pa die sluier afhaal, dan kan almal sien hoe mooi sy is. *Sit 'n sluier of serp oor jou kop om te wys.*

Die sluier maak dan amper dat dit soos 'n verrassing is. Almal wonder en raai wat daar onder aangaan. Hulle het 'n idee hoe sy lyk, maar kan eers regtig sien, wanneer die sluier gelig is.

Dis amper soos iemand wat se oë swak is, alles is waasig, maar sodra jou oë getoets is en jy die bril opsit, kan jy mooi sien.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Ek wandel in die lig
Ek wandel in die lig van God
Ek wandel in die lig van God
Ek wandel in die lig
Ek wandel in die lig
Ek wandel in die lig van God

I'm walking in the light of God
I'm walking in the light of God
I'm walking in the light
I'm walking in the light
I'm walking in the light of God

Liedjie: Laat my lig so skyn
Laat my lig so skyn
Laat my lig so skyn
Soos Daniël sin Heer
Dan kan hul ook sien
Dat ek U wil dien
En so die Vader eer.

BYBEL tyd

Ons is so bevoorreg om die Bybel te kan lees. Wie van julle het almal ‘n Bybel in julle huis? Wie het dalk sy of haar eie Bybel? Wie kan al self uit die Bybel lees?

Nie alle huise het Bybels nie. Nie alle mense het hul eie Bybel nie. Party mense het sommer meer as een Bybel, en ander het gladnie ‘n Bybel nie.

As jy al self kan lees en jy het ‘n Bybel, dan is jy so bevoorreg. Want weet julle, in die Bybelse tyd, kon min mense lees en skryf. As die mense wou weet wat in die Ou Testament gestaan het, moes hulle na die tempel toe gaan, sodat die leiers daar vir hulle uit die Bybel kon voorlees.

Die feit dat hulle nie self kon lees en skryf nie, het gemaak dat hulle ook nie altyd alles verstaan het nie, want hulle kon nie vir hulleself gaan lees tot hulle verstaan nie. Hulle het maar net stukkies op ‘n keer gehoor en dit was nie te sê dat wat hulle nou hoor, dat die volgende keer net weer van daar af verder gaan nie. So die stukkies het nie eers altyd by mekaar gepas nie. En daarom het hulle ook net bietjies op ‘n slag verstaan.

Ons lees in die Ou Testament van Moses. Hy het die volk van die Here mos uit Egipte gelei. Moses het baie tot God gebid en het baie tyd saam met God deurgebring. Omdat Hy so baie by God was, het sy gesig geblink van God se teenwoordigheid. Dis soos wanneer jy in ‘n warm dag buite in die son speel en die son jou brand, dan skyn jou vel so rooi warm. Maar wanneer jy uit die son wegbly, dan raak dit weer weg.

Paulus verduidelik vir die mense dat as hulle nie maak soos God vra nie, sien hulle net ‘n gedeelte van God se genade raak. Dan is hulle soos ‘n prentjie wat net ‘n stukkie van sigbaar is. Maar as hulle meer van God leer, dan is hulle soos iemand wat se sluier gelig word. Hulle kan begin sien wat Jesus bedoel met sy lewe. Hulle sal soos Moses wees wat sal skyn omdat Hy tyd met God spandeer.

Maar kom ons lees hiervan uit die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit
2 Kor.3:15-18

Wanneer ons die Bybel lees en nie alles verstaan wat ons lees nie, dan is dit ook soos ‘n sluier wat oor ons gesig is. Ons het ‘n idee wat in die Bybel staan, maar dis nie baie duidelik nie. Ons moet dan vir die Here bid en vra dat Hy die Heilige Gees sal stuur om ons te help om te verstaan wat ons lees. So word die sluier, dit wat keer dat ons alles van God weet, weggevat en sal ons in ons harte mooi weet hoe God wil hê dat ons moet lewe.

doen & leer **tyd**

<u>Maak ‘n skribbel</u>

Neem ‘n wit papier. Deel dit in blokke op en kleur elke blok in met ‘n verskillende kleur vetkryt.

Na die tyd krap jy met swart vetkryt oor al die kleure tot die hele prent swart is.

Vat nou iets hard soos ‘n paperclip en krap ‘n prentjie uit op die swart. Die gekleurde kryte sal van onder af deurslaan en ‘n pragtige prent maak.

Herinner die kinders dat ons moet bid dat die Heilige Gees vir ons die mooi kleure onder die swart sluier sal kom wys.

groet **tyd**

Dankie Jesus dat U doodgegaan het, maar ook weer opgestaan het. Al verstaan ek dalk nie alles nie, weet ek dat U my liefhet, en dat U my ook sal verander om met ‘n verheerlikte liggaam eendag by U te bly.
Amen



Maak ‘n prent.

Gebruik gekleurde kryt en kleur jou papier in.
Kleur met swart bo-oor die hele prent.
Krap nou ‘n prentjie uit met ‘n paperclip of iets skerps.
Hier is ‘n voorbeeld: